

Skriflesing: Markus 9:38-50

Tema: Hoeveel onse is in jou pond?

Wie is ons? Is dit die mense wat hier in die erediens is? Is dit hulle wie se name op die boeke van die gemeente is? Is dit almal in die NG Kerk, met ander woorde almal wat redelik soos ons glo en bely? Is dit almal wat Afrikaans praat? Sluit hierdie ons ook ander Christelike kerke in?

Die dissipels, kom kla oor 'n persoon wat in Jesus se gesag duiwels uitdryf. Dalk is hulle bekommerd oor eie posisies. Kort tevore (Mark 9:17- 18) kon hulle self nie 'n bese gees uitdryf nie. Hulle is vol vooroordele, vrese en kleinlikheid. Hulle dink eksklusief – net ons groep – net ons is reg.

Jesus keer sy dissipels se konfronterende eksklusiewe houding van: “Wie nie vir of van of soos ons is nie, is teen ons”, om.

Hy leer: “Wie nie teen ons nie, is vir ons”

Hierdie leer is reeds 'n werklikheid by sy dissipels wat uit verskillende groepe kom. Dit was nie groepe wat noodwendig baie van mekaar gehou het nie. Dit sou heel waarskynlik vir Jesus makliker gewees het om 'n spannetjie enersdenkendes as dissipels te kies. Maar hulle moes leer en ons moet leer: “Ons is deel van 'n heel nuwe “ons in Christus.”

Met die uitstorting van die Heilige Gees het klomp verskillende groepe meteens die goeie nuus oor Jesus in hulle eie taal gehoor. Daarna moes leiers soos Paulus baie gesprekke voer en briewe skryf om gelowiges te help om hierdie belangrike ding te snap. Baie skielik het Jode en Grieke, slawe en eienaars en ryk en arm se identiteit verander. Hulle was nou in die eerste plek Jesus se volgelingen, die nuwe ons.

Jesus roep ons op om inklusief en insluitend te dink en droom. Selfs al is daardie man nie deel van hulle groepie nie, hy is in diens van die Here. Hy sal nie die een oomblik in Jesus se Naam die menslik onmootlike doen en Hom die volgende oomblik verag nie.

“Wie nie teen ons is nie, is vir ons.”

Jesus se liefde sluit altyd meer in as wat ons bereid is om te doen. En sy omarmende en selfopofferende liefde daag ons vandag steeds uit.

Hy verduidelik dit nog 'n slag. Wie vir julle 'n beker water gee omdat julle Christene is, dien my. So 'n persoon is deel van ons. Daarom sal so 'n persoon sy beloning kry.

Ons is 'n klomp lidmate en Christelike kerke wat van mekaar verskil op sommige punte van leer, maar ons aanbid en dien almal vir Jesus Christus as enigste Verlosser. Daarom sluit ons in, eerder as wat ons uitsluit. Ons omarm mekaar en maak tafels langer. En meer as dit, ons werk saam in die uitbou van sy Koninkryk.

Ons sorg vir die geringstes in geloof, want hulle is deel van ons (Markus 9:42).

Jesus verwag van ons as sy volgelinge om besonder versigtig sal wees om nie die oorsaak te wees dat iemand wat 'n kind in geloof is, sonde doen of in die geloof wankel of afvallig word nie.

Hy maak dit baie duidelik hoe gevaarlik dit is om so iets te doen.

'n Meulsteen was 'n baie swaar, plat maalklip met 'n gat in die middel wat bo-op 'n ander klip gepas is om koring fyn te maal. Dit is beter vir iemand om so 'n klip om sy nek vas te maak en in die see gegooi te word as om God se toorn oor sy verkeerde optrede teenoor die wat jonk is in geloof, te verduur.

Ons verwyder enige iets wat tussen ons en God kom (Markus 9:43-48).

Hierdie opdragte van hande en voete afsny en oë uitpluk, moet ons nie letterlik verstaan nie. Anders sou almal van ons al 'n ledemaat of twee verloor het.

Jesus roep sy dissipels op om te oordeel na binne voordat hulle oordeel na buite.

Jesus roep ons op om teen lidmate wat ons verhinder om Hom te dien, op te tree met tug.

Jesus waarsku ook teen die gevaar dat ons, wat Hom wil volg, dinge in ons lewe het wat tussen ons en Hom staan en ons verhinder om Hom voluit te volg
In so 'n geval moet sulke dinge opgeoffer word ter wille van Hom.

Ek wonder onder die punt nogal oor ons gunsteling verskoning dat ons altyd te besig is om iewers by 'n bediening van die gemeente in te skakel. Maar ons is nie te besig om te oefen of tyd aan ons selfoon- en TV skerms of vriende af te staan nie. Ons is net te besig vir die Here.

Ons moet alles wat tussen ons en die Here skeiding maak, verwyder.

Kom ek gebruik nog twee voorbeelde:

As 'n vriend jou wegtrek van die Here en dinge laat doen wat nie by 'n Christen hoort nie, moet ons hierdie sogenaamde vriendskap eindig.

As jy 'n klomp geld kan maak, maar dit beteken dat jy jou geloof in Jesus moet prysgee of moet verswyg, moet jy die geld weier.

Om hierdie goed te doen, is makliker gesê as gedoen.

Ons is bereid om saam swaar te kry vir ons geloof (Markus 9:49).

Swaarkry is nie lekker nie. Maar dit het egter ook iets goeds tot gevolg. Swaarkry maak van ons beter Christene.

Letterlik staan hier dat die gelowige op dié manier gesout word, dit wil sê smaak kry.

En ons gee ook smaak. Een van die maniere waarop ek en jy vandag smaak gee aan die wêreld, is in ons strewe na vrede. (Markus 9:50)

Jesus se volgelinge moet nie stry oor wie die belangrikste is nie. Ons leef in vrede met mekaar en die wêreld. Ons is anders as sondige wêreld. Soos soute gee ons smaak.

Wie is ons?

Definitief nie net die paar mense wat lyk en dink en presies glo soos ons nie.

Hoeveel onse is in Jesus se pond?

Hy antwoord self hierdie vraag: "Wie nie teen ons is nie, is vir ons."

Al lyk of klink of dink alle gelowiges nie soos ons nie, almal is, in die navolg van Christus, deel van ons.

(Amen)